Redemption
Fine Handcrafted Leather

8 Desember 2000

Aan letterlik <u>elke</u> persoon van Hempers Bouers, wat sedert Julie vanjaar by ons gewerk het

'n GROOT DANKIE!

DANKIE vir die <u>entoesiasme</u> waarmee jul jul werk benader het.

DANKIE vir jul <u>vriendelike gesindheid</u> teenoor ons as gesin.

DANKIE vir jul <u>hulpvaardigheid</u>, as ons iets van jul gevra het — soms onder moeilike omstandighede.

DANKIE vir die <u>goeie vakmanskap</u> wat jul aan die dag gelê het met die voltooiing van jul werk.

Ek weet ek het jul baie frustreer en ek vra om verskoning daarvoor — maar ek het tog my sin gekry en my fonteintjie is amper klaar.

Ek weet die kersie op die koek vir my man is sy kaggel en vir my — my slaapkamerkas en fontein.

Aan Flip + Louis —— Wel, hoe kan ons jul ooit bedank vir alles? Veral my lewe wat aan 'n dun draadjie gehang het in my kantoor? Die dak lyk wonderlik! DANKIE.

Ons wil hiermee aan elkeen van julle, met sy gesin, 'n besonderse Feesgety toewens. Mag God jul ryklik seën.

Groete van al ons Slabbers

ALTEBLY
359, WELLINGTON, 7654
TEL: (021) 873 3197
FAX: (021) 873 1358